Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 145] KAAPSTAD, 1 JULIE 1977 / CAPE TOWN, 1 JULY 1977 [No. 5625


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1174. 1 Julie 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 95 van 1977: Wysigingswet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1977.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1174. 1 July 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 95 of 1977: South West Africa Constitution Amendment Act, 1977.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the South-West Africa Constitution Act, 1968, so as to extend, with a view to the regulation of additional matters, including the administration of Walvis Bay, and the eventual attainment of independence by the territory of South West Africa, the powers of the State President to make laws for the said territory; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 20 June 1977.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 38 of Act 39 of 1968, as amended by section 18 of Act 54 of 1968 and section 17 of Act 25 of 1969.

**1.** Section 38 of the South-West Africa Constitution Act, 1968, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The State President may by proclamation in the *Gazette* make laws for the territory with a view to the eventual attainment of independence by the said territory, the administration of Walvis Bay and the regulation of any other matter and may in any such law—

*(a)* repeal or amend any legal provision, including this Act, except for the provisions of subsections (6) and (7) of this section, and any other Act of Parliament in so far as it relates to or applies in the territory or is connected with the administration thereof or the administration of any matter by any authority therein; and

*(b)* repeal or amend any Act of Parliament, and make different provision, to regulate any matter which, in his opinion, requires to be regulated in consequence of the repeal or amendment of any Act in terms of paragraph *(a)*."; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If any authority is by any law made in terms of subsection (1) empowered to make laws, a law made by any such authority by virtue of that power, shall not be of force and effect until it has been approved by the State President.".

Application of Act in respect of Caprivi Zipfel.

**2.** This Act shall also apply in respect of the Eastern Caprivi Zipfel.

Short title.

**3.** This Act shall be called the South West Africa Constitution Amendment Act, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968, ten einde, met die oog op die reëling van bykomende aangeleenthede, met inbegrip van die administrasie van Walvisbaai, en die uiteindelike onafhanklikwording van die gebied Suidwes-Afrika, die bevoegdheid van die Staatspresident om wette vir genoemde gebied te maak, uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 20 Junie 1977.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 38 van Wet 39 van 1968, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 54 van 1968 en artikel 17 van Wet 25 van 1969.

**1.** Artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* wette vir die gebied maak met die oog op die uiteindelike onafhanklikwording van genoemde gebied, die administrasie van Walvisbaai en die reëling van enige ander aangeleentheid en kan in so 'n wet—

*(a)* enige regsreël, met inbegrip van hierdie Wet, maar nie ook die regsreëls vervat in subartikels (6) en (7) van hierdie artikel nie, en enige ander Wet van die Parlement vir sover dit op die gebied betrekking het of daarin geld of met die administrasie daarvan of die administrasie van 'n aangeleentheid deur 'n gesag daarin in verband staan, herroep of wysig; en

*(b)* 'n Wet van die Parlement herroep of wysig, en ander voorsiening maak, ten einde enige aangeleentheid te reël wat na sy mening gereël moet word as gevolg van die herroeping of wysiging van 'n Wet ingevolge paragraaf *(a)*."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Indien aan die een of ander gesag by 'n wet wat ingevolge subartikel (1) gemaak word, die bevoegdheid verleen word om wette te maak, is 'n wet wat deur so 'n gesag uit hoofde van dié bevoegdheid gemaak word, nie van krag voordat dit deur die Staatspresident goedgekeur is nie.".

Toepassing van Wet ten opsigte van Caprivi Zipfel.

**2.** Hierdie Wet is ook ten opsigte van die Oostelike Caprivi Zipfel van toepassing.

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Gedruk vir die Staatsdrukker, Pretoria, deur Kaap & Transvaal Drukkers Bpk., Kaapstad —B1822/14 200.
Printed for the Government Printer, Pretoria, by Cape & Transvaal Printers Ltd., Cape Town—B1822/14 200.